

Hoe vroeër hoe beter

Uitgawe 106: Mei 2024

Groot getalle is verbysterend. Beskou die volgende syfers soos 'n miljoen, miljard of 'n triljoen. Hoe groot is hierdie getalle werklik? Byvoorbeeld: 'n Duizend sekondes is ongeveer 30 minute, maar 'n miljoen sekondes is sowat 12 dae. 'n Miljard sekondes is egter 31,7 jaar. Ja, iemand wat 95 word, het 3 biljoen sekondes gelewe en ongeveer 'n 1/3 daarvan geslaap! Nou, 'n triljoen sekondes is 31 688 jaar! Hierdie enorme getalle kan belaglik word.

Ons verwys na hierdie syfers maar sukkel egter met die begrip van werklik hoe yslik dit is. Ons liggaam (verskil natuurlik vir elke persoon) bestaan byvoorbeeld uit ongeveer 36 triljoen selle. Dit is 36 000 000 000 000 (36 met 12 nulle, of $3,6 \times 10^{12}$).

Sterrekundiges het m.b.v. die moderne [James Webb-ruimteteleskoop](#) die verste sterrestelsel groepering, wat byna 30 miljard ligjare weg is, nou onlangs ontdek. 'n Ligjaar is die afstand wat lig in een jaar aflê. Die spoed van lig is 299 792 458 meter per sekonde wat gelykstaande is aan 9,46 triljoen kilometer per jaar!

Saamgestelde getalle en verdubbeling

Samestelling vind plaas wanneer ons beleggings groei – 'n opbrengs op die opbrengs (hopelik). Dit gebeur met selverdeling of wanneer inflasie hoogty vier (vra maar die inwoners van Zimbabwe, Venezuela of Turkye). Dit is hoe goedere en dienste mettertyd duurder word. **Samestelling kan egter toor wanneer jy dit toelaat om jou geld oor tyd te laat werk.** Geen wonder dat Einstein gesê het nie: "Saamgestelde rente is die 8ste wonder van die wêreld. Wie dit verstaan, verdien dit, maar wie dit nie verstaan nie, betaal daarvoor."

Stel jou voor jy spaar 'n R100. Jy belê dit met rente, of 'n opbrengs. **Samestelling** beteken dat jy nie net rente op jou aanvanklike R100 verdien nie, maar jy verdien ook rente op die rente wat jy reeds gekry het. So, kom ons sê jy het 'n koers van 15% per jaar. Na die eerste jaar sal jy R115 hê. Maar in die tweede jaar verdien jy nie net 15% op jou oorspronklike R100 nie, jy verdien 15% op R115, wat R17,25 is. So, na die tweede jaar het jy R132,25 ensovoorts. Met verloop van tyd herhaal hierdie proses homself, en jou geld begin vinniger en vinniger te groei. Hoe langer jy jou geld laat saamstel en woeker, hoe indrukwekkender word die groei. Charlie Munger het gesê: "Die eerste reël van samestelling is om dit nooit onnodig te onderbreek nie".

Nou wanneer getalle verdubbel, word werklik interessant; dus 'n 1 word 2, of 'n R100 word mettertyd R200. Kom ons neem 'n skaakbord van 64 blokke (8x8). Begin in 'n hoek met 'n 1 en verdubbel die 1, wat 2 word in die 2^{de} blok. Die 2 word 4 (die 3^{de} blok), die 4 word 8 ensovoorts... vir slegs 64 blokke. Die finale getal beloop $1,8447 \times 10^{19}$. Ja, dit is 19 nulle!

Kom ons maak ons syfers meer prakties en aanvaar 'n billike opbrengs van 3% bo Suid-Afrikaanse inflasie. Dit is gelykstaande aan ongeveer 9% per jaar. Dit beteken dat ons 'n belegging omtrent elke 8 jaar kan verdubbel (vir diegene wat dalk nuuskierig is, kyk na die "[reël van 72](#)"). Gestel ons begin op die ouderdom van 25 werk en besluit om op die ouderdom 65 diens te verlaat, sou ons 40 jaar gewerk het en moontlik 'n belegging 5 keer (40 Jaar/ 8) kon verdubbel. Met ander woorde, ons het miskien 5 "verdubbelingsgeleenthede" as ons by 'n konsekwente beleggingstrategie hou. Dit gaan dan van R100 na R200, R400, R800, R1 600 en tot R3 200. Hou ook in gedagte dat die meeste van ons met nul begin en aanhou om by te dra tot die oorspronklike belegging.

Triljoen-dollar-maatskappye en Microsoft

Vandag is Microsoft een van 5 triljoen Amerikaanse-dollar maatskappye. Die ander is Apple, Alphabet (die houermaatskappy van Google), Amazon, META (die moedermaatskappy van Facebook, Instagram ens.) en Nvidia. Basies, almal voed die inligting- en tegnologie-revolusie. Microsoft se markkapitalisasie is tans 2,894 triljoen dollar (die aandeelprys van sowat \$393 vermenigvuldig met die uitstaande aandele). Om dit in perspektief te plaas, is die grootte van die hele Suid-Afrikaanse ekonomie skaars 15% in USD-terme van Microsoft. Ons het Microsoft as voorbeeld gebruik, aangesien die meeste van ons al van Bill Gates gehoor en die sagteware gebruik het. [Gedurende 1986](#) is Microsoft deur ontleders as die "IPO van die jaar" beskou met 'n aanvanklike openbare aanbod ter waarde van \$61 miljoen op die aandelebeurs. Dit was 38 jaar gelede. Moeilik om te glo, maar Microsoft het ongeveer elke 2,2 jaar in grootte verdubbel.

Om terug te kan kyk, is natuurlik 'n perfekte wetenskap! Niemand sou so 'n uitkoms voorspel het nie, en ook nie al hul spaargeld in 'n enkele maatskappy (destyds ook relatief onbekend) belê het nie. Die punt is bloot die krag van samestelling oor lang tydperke en glad nie dat ons dié beleggingsgeleentheid dalk mis geloop het nie.

Minder bekende feite oor mnr Buffett se rykdom

Op 90-jarige ouderdom het mnr Warren Buffett 'n netto batewaarde van meer as \$81 miljard gehad (hy word nou 94). Nou dit is 'n klomp geld! Die grootste deel daarvan het gekom [ná sy 65ste verjaarsdag](#). Dit gesê, diegene wat al sy sukses aan beleggingsvernuif toeskryf, mis 'n belangrike punt. Die werklike sleutel tot sy sukses is dat hy 'n fenomenale belegger is vir 'n driekwart eeu (dit is meer as 75 jaar). As hy in sy 30's begin belê het en op die ouderdom van 60 afgetree het, sou min mense ooit van mnr Buffett gehoor het. Warren Buffett het ernstig begin belê reeds toe hy net 10 jaar oud was. Teen die tyd dat hy 30 was, het hy 'n netto waarde van \$1 miljoen gehad, of \$9,3 miljoen aangepas vir inflasie.

Wat is die sleutelpunt?

Daar is genoeg boeke oor beleggings, ekonomiese siklusse, strategieë, maar dalk te min oor beleggers se eie gedrag. Die belangrikste boek moet egter "Bly stil en wag" genoem word. Begin so vroeg as moontlik spaar en belê, en laat samestelling oor tyd sy toekrag vermag.

Hoe langer iemand wag, hoe minder tyd het geld om saam te stel en hoe moeiliker word dit om genoeg bymekaar te maak. Hieronder is 'n leersame en waardevolle illustrasie.

